HOOFSTUK 10

Wat staan sentraal?

Hy kyk deur ons

Die storie van Jesus se lewe is die geheime onrus in die hele geskiedenis van die Christendom. Hy gee nie net rus nie, maar ook onrus, ongemak, want Hy kyk deur ons hart en koester ideale vir ons lewe wat baie anders en hoër is. Hy *bring jou waar jy nie wil wees nie* (Joh 21:18).

Hy het gesê dat ons goedheid *aansienlik meer* behoort te wees as dié van die Joodse leiers (Matt 5:20). Hulle het die wet so nougeset gevolg dat dit onmoontlik lyk om hulle te oortref. Maar Jesus wys dat die *meer* waarvan Hy praat met ons hart te doen het. God kyk nie net na jou hand nie, maar ook na jou hart. Hy wil jou *suiwer van hart* maak (5:8).

Byvoorbeeld, die wet bepaal dat God se mense nie moord mag pleeg nie, en Jesus neem hierdie bepaling tot diep in die hart: Jy mag nie jou kwade gevoelens teenoor 'n ander vashou nie (5:22). Jou hart moet so vry wees van jou kwaadheid dat jy dit nie net los nie, maar ook uit jou pad gaan om vrede te maak met ander wanneer daar slegte gevoelens is (5:23-24).

Daarom sê Jesus dinge wat Hy nie bedoel as algemene reëls nie, maar as uiterse voorbeelde wat jou help om te verstaan hoe God jou hart wil hê. 'n Voorbeeld, Hy gebied: *Moenie oordeel nie* (7:1), maar praat tog daarvan dat 'n mens wat nie sy eie foute wegsteek nie wel 'n *splinter* in 'n ander se oog kan sien (7:5). Jesus bedoel: Al moet ons soms oordeel, moet ons diep binne die gesindheid hê van simpatiek en met begrip na ander kyk, hulle die voordeel van die twyfel gee.

Waaroor gaan dit dan eintlik?

Waaroor voel Jesus dan nou so sterk dat Hy ons kom steur? Wat soek Hy in my binnewêreld as Hy so deur my kyk? Wat is vir Hom die hoogste norm? Is dit 'n sekere soort godsdienstigheid? Is dit 'n etiese wet? Moet ons die goeie uit die natuur aflei?

Ons vind die antwoord in Jesus se gebed toe Hy in sy donkerste uur verkeer het, toe Hy besef Hy sien nie kans vir die wreedheid van die Romeinse marteldood nie. Toe was sy gebed: *Neem hierdie beker van My af weg; nogtans nie wat Ek wil nie, maar wat U wil* (Mark 14:36).

Wat U wil. Die wil van God. Dit is waaroor dit eintlik vir Jesus gaan. God se nuwe bedeling (wêreld) moet kom deurdat die mense sy wil doen. Dis wat die eerste drie versoeke van die Ons Vader-gebed sê.

In die samevatting van die Bergpreek word dit besonder sterk beklemtoon. Daar word vertel van allerlei intens godsdienstige mense wat vroom gebid en gepreek het, duiwels uitgedryf en wonders gedoen het. Hulle maak aanspraak op aanvaarding deur Jesus, maar Hy antwoord dat Hy hulle *nooit geken* het nie, want *net diegene wat die wil doen van my Vader* is sy mense (Matt 7:21-23).

Vir Jesus beteken bekering nie net dat jy besluit om sekere stellings te glo nie, maar dat jy so deur God se goedheid oorstroom word dat sy wil jou passie word.

Waarop is God se wil gerig? Op die mens wat op jou pad kom. Jou liefde vir God kom uit in jou goedheid teenoor dié mens. Daarom kan Jesus die hele Bergpreek soos volg saamvat: *Alles wat julle wil hê dat die mense vir julle moet doen, doen ook so vir hulle* (7:12).

Die evangeliste beklemtoon gedeeltes dikwels deur dit laaste te plaas voor die slottonele oor Jesus se dood. In Mattheus kom vier gelykenisse heel laaste: die getroue en ontroue slaaf; die tien meisies; die muntstukke en die skape en die bokke (24:45 – 25:46). Die bedoeling is telkens dat sommige mense se gedrag aanvaarbaar is en ander s'n nie.

Wat is die kriterium? Dit kom duidelik uit in die laaste gelykenis waar al die klem op die vraag lê of jy in jou lewe daar was vir mense wat jou nodig gehad het.

Goedheid sonder grense

My goedheid kan maklik teen grense vasloop. Byvoorbeeld, wanneer iemand my kwaad aangedoen het, of aan 'n groep behoort wat vyandig teenoor my groep is, of ver van my groep, of wanneer iemand te veel nodig het.

Dis verrassend hoe sentraal Jesus dit stel dat ons mense is wat vergewe. Daar is heelwat etiese voorskrifte wat baie belangrik is, maar die enigste een wat dit tot in die Ons Vader maak, is dat ons moet kan sê *ons ook hulle vergeef het wat teenoor ons skuldig staan* (6:12).

Die tak waarop ons sit, is dat God ons vergewe en aangeneem het. As ons nie self vergewe nie, saag ons dié tak af. Dit is hoekom die gelykenis vertel dat die man wat vergifnis ontvang het maar nie gegee het nie, swaar gestraf word (18:34).

'n Volgende grens. Ons is geneig om in kringe te dink. Sekere mense is nader aan my as ander. Jesus dink nie in kringe nie, maar in

terme van onmiddellikheid. Die een wat nou hier my pad kruis, is nou die naaste aan my wie dit ook al is. Ek gee my oor aan die een wat nou hier verskyn. Ek sterf in hierdie oomblik in.

My liefde vir God is net so groot as my goed wees vir die onaanvaarbaarste mens wat vandag my pad kruis.

Nog 'n grens. Vra hierdie persoon nie te veel nie? Daar is altyd ook realisme nodig, maar iets anders moet eerste kom. Wanneer Jesus moet sê watter gebod die belangrikste van almal is, kies Hy om Levitikus 19:18 aan te haal: *Jy moet jou naaste liefhê soos jouself* (Mark 12:31). Wat wil Jesus daarmee sê?

Hy bedoel: Jy moet die ander liefhê soos wat jy jouself in elk geval liefhet. Ons weet mos hoe spontaan, vanself, onberekend, gewillig, oorvloedig ons vir onsself omgee. Laat dit nou vir jou die voorbeeld wees oor hoe jy vir die ander een goed behoort te wees. Net so spontaan en vry en oorvloedig.

Die goedheid wat Jesus in my bewerk, is nie koue plig nie maar warm spontaneïteit want dit kom uit 'n hart wat *innig jammer* kry. Medelye. "Compassion". Dit is opvallend hoe dikwels die woorde *innig jammer* oor Jesus of oor iemand wat vir ons 'n voorbeeld is, in die eerste drie Evangelies voorkom. Nege keer (Matt 9:36; 14:14; 15:32; 20:34; Mark 6:34; 8:2; Luk 7:13; 10:33; 15:20). Die Aramese en Hebreeuse woord wat agter hierdie woordgebruik van die evangeliste lê, verwys na die baarmoeder van 'n vrou, dit wil sê, na die diep en sterk gevoelens van 'n ma oor haar kind. Jesus bewerk dit in ons om oor enige mens so te voel: Die lastige een wat nie kos het nie of nie sy dors elders kan les nie, wat klere vra, die vreemdeling wat nie hier hoort nie, die sieke wat nie homself kan help nie, die slegte een wat in die tronk sit (Matt 25:35-36).

Hou vas

- Die ware Jesus is nie die "liewe Jesus" waarmee baie van ons grootgemaak is nie. Hy is ook nie die liewe Jesus wat baie van ons omvorm het tot die voorspoed-Jesus nie.
- Jesus maak ons ongemaklik, Hy steur ons.
- Hy verkondig 'n God wat tot in die diepste donker van ons hart ons ware bedoelings sien en ons *suiwer van hart* wil maak.
- Vir Jesus is die ware riglyn vir hierdie lewe nie 'n sekere soort godsdienstigheid of 'n etiese wet nie, maar die *wil* van sy Vader.
- Die wil van God rig jou op die mens wat op jou pad kom.
- Dit is vir Jesus absoluut ononderhandelbaar dat sy mense vergewende mense is.
- 'n Mens se liefde vir God is net soveel as die goedheid wat jy bewys teenoor die mens wat jou pad kruis en wat jy baie moeilik aanvaar.
- God gee ons 'n goedheid vir ander wat uit 'n warm hart kom, wat spontaan en oorvloedig is.

Ons leef ons in

Jy is 'n Afrikaner en het grootgeword in 'n familie en vriendekring wat neersien op swart mense. Op die dorp waar jy grootgeword het, was daar gedurig swart bedelaars en sommige van hulle het die oortuigendste stories uitgedink om geld uit mense te kry.

Vandag ry jy op 'n eensame grondpad om 'n afspraak met 'n baie besige megaboer oor 'n groot transaksie na te kom.

Van ver af sien jy 'n swart vrou langs die pad loop. Jy sien sy hink en as jy by haar verbyry, sien jy haar gesig is vol bloed.

Jy voel 'n bietjie sleg om aan te ry, maar besef jy het nie tyd nie. Jy dink ook daaraan dat daar misdadigers in die omgewing kan wees wat haar as lokaas gebruik.

Toe jy weer sien, verras jy jouself toe jy rem en omdraai.

Wanneer jy die oop wond aan haar voorkop sien en hoor hoe sy huil, ruk iets binne-in jou en jy help haar jou bakkie in. Al wat jy deur haar gehuil kan uitmaak, is dat jongelinge haar geslaan en van R900 beroof het.

Jy jaag terug dorp toe en help haar die hospitaal in. By nooddienste sit daar 'n ry mense en wag. Jy ken die matrone en soek haar op. Sy sorg dat die gewonde vrou dadelik gehelp word. Jy gee haar R300 om vir die vrou te gee.

Nou bel jy die boer en vra of jy nog kan kom. Hy sê dis lastig, maar hy sal wag.

By hom aangekom, vertel jy hom wat jy gedoen het en dat jy jouself nie so ken nie.

Hy kyk so na jou, kry trane in sy oë en sê: "Ek ken jou en jou mense. Jy sê dis wraggies jý wat dit gedoen het. Dit is die mooiste storie wat ek in 'n lang tyd gehoor het."

Vir groepe om oor te gesels of vir persoonlike nadenke

- Hierdie storie is natuurlik 'n modernisering van die storie van die barmhartige Samaritaan (Luk 10:25-37). Jesus sê heelwat met dié storie.

  - Hoe leef jy dit reeds uit?
  - Hoe kan jy dit meer uitleef?
- As jy heeltemal eerlik is, in watter rigting wys jou lewenskompas? Watter rigting het jy vir jou lewe gekies? Waarna strewe jy eintlik?
- Waar in jou lewe het jy die moeilikste vergewe of het jy nog nie vergewe nie?
- Dink aan iets goeds wat jy doen en vra jouself af watter selflose en selfgerigte motiewe daarin 'n rol kan speel.

Gaan doen

- Wie het jy nog nie heeltemal vergewe nie? Kan jy voel hoe dié grief jou bind? Doen iets wat jou help om dit te laat gaan. Praat met iemand daaroor dat jy dit los. Skryf dit op 'n stuk papier wat jy wegdoen. Herhaal so 'n aksie later soveel as nodig.
- Wie is daar wat na jou mening glad nie jou goedheid verdien nie? Is daar enige manier waarop jy goedheid aan dié persoon kan bewys? Neem 'n besluit.